HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT
KRIEKET

Hoërskool Waterkloof se krieket skryf jaarliks 14 spanne vir verskillende Pretoria-ligas in. Ons speel ook jaarlikse derbys teen St Stithians College, KES en Grey College. 'n Geleentheid waarvan elke krieketspeler droom, is 'n internasionale toer wat elke drie jaar na Engeland onderneem word.
Die eerstespan is aan die einde van die 2019-seisoen as wenners van die Noordvaal-reeks gekroon; die o.15A-span was naaswenners in dié reeks. Die tweedespan het die Pitch Vision-reeks in 2020 gewen. 'n Groot hoogtepunt was toe die eerstespan in Maart 2020 as Nasionale T20-kampioene gekroon is.

DOELWITTE

Die hoofdoelwit van krieket by Hoërskool Waterkloof is om te verseker dat daar voldoende geleenthede vir alle spelers geskep word deur genoeg wedstryde vir alle spanne te reël. Afrigters van hoogstaande gehalte word deurlopend aangestel sodat provinsiale spelers deurgaans opgelewer word.

AFRIGTING

Die volgende afrigters is betrokke: Cobus Pienaar (KSA Vlak III), Ruan Sadler, Rigardt Roos, Japie Claassens, Fraser Parker, Evan Jones, Danie Rossouw, Jaco van Wyk en Jolene Campher (KSA Vlak II), Vernon Harms en Christo van Rensburg (KSA Vlak I). Onderwysers wat krieket afrig is mnre.
SJ Naude, Neels de Klerk en Muller van der Nest. Mark Simmonds en Jacques Nel is buite-afrigters.

KLOFIES KRIEKET

NAVRAE

Cobus Pienaar
E-pos:
cobus.pienaar@klofies.co.za

Future Klofies
Ruan Sadler
E-pos: ruan.sadler@klofies.co.za

DEELNAME

Klofies neem jaarliks aan die volgende toernooie, kompetisies en krieketweke deel: die plaaslike Northerns-ligas, die Charl van Rooyen Krieketweek (o.14A), JARU-oefenkampe (o.14A en o.15B), die Uplands College o.15 week (o.14A), The Peninsula Festival (eerste- en o.15A-span), Noord-Suid T20-kompetisie (eerstespan), Merensky o.19-krieketweek (tweedespan), Ben Vorster 0.19-krieketweek (o.15A), Camp Discovery T20 Festival (o.14B), Kookaburra Stayers Festival (jongspan), Northwood Schools u 14 Festival (o.14B) en Pitch Vision-reeks vir Tweedespanne.

KOSTES

Geen addisionele koste buiten toere en persoonlike toerusting wat aangekoop moet word nie.

OEFENTYE

Oefentye word vasgestel deur afrigters vir verskillende ouderdomsgroepe afhangende van die dae wat die spanne wedstryde speel. Gewoonlik twee sessies per middag; 14H30-16h00 en 16h00-17H30.

#grensloos